

# Raadpleeg bankwese met formulering van beleid

Daar is 'n noue verband tussen mense se vertroue in die bankwese en in 'n demokratiese bestel. Daarom is dit raadsaam dat die regering die banksektor raadpleeg voordat beleide wat die landbou en voedselsekerheid raak, afgekondig word.

Vir optimale ekonomiese groei en werkskepping behoort die banksektor in Suid-Afrika meer erkenning van beleidmakers te geniet vir die rol wat banke kan speel om te help dat die regering goeie landsbeleide ter tafel lê.

Die regering behoort die bankbedryf te raadpleeg oor beleid wat met die groei in landbouproduktiwiteit en voedselsekerheid verband hou. Dit moet gedoen word voordat beleid vir kommentaar afgekondig word en verwagtinge vir onrealistiese ideale tot konflik lei.

David Buckham verduidelik in sy boek *The End of Money* waarom vertroue in die bankwese vir 'n demokratiese bestel so belangrik is ten spyte van internasionale gebeure wat oor die afgelope vier dekades vertroue in die bankwese 'n knou gegee het. Buckham waarsku dat daar 'n noue verband is tussen mense se vertroue in 'n demokratiese bestel, wat inherent polities van aard is, en die vertroue wat mense in die bankwese stel.

## Wat het daartoe gelei dat mense banke wantrou?

JP Morgan Chase & Co het in 2008 die 85 jaar oue beleggingsbank Bear Stearns teen 10% van die bank se markwaarde gekoop. Die Federale Reserwebank van New York het 'n staatslening van $29 miljard vir Bear Stearns gereël as borg vir sy swakker bates en die verkoop van sy oorblywende, stabieler bates aan JP Morgan vergemaklik.

Diegene wat by die transaksie betrokke was, het gemeen die stap sou die ineenstorting van die hele finansiële stelsel voorkom het. Die Amerikaanse publiek het die situasie heel anders gesien omdat die Amerikaanse belastingbetaler vasgevang was met 'n rekening van $29 miljard. Dit was die kantelpunt van die publiek se geloof in bankwese.

## Glass-Steagall-wet skep vertroue

Vier dekades gelede het mense banke vertrou. Toe was kleindorpse banke 'n integrale deel van elke gemeenskap, so bekend soos die plaaslike kruidenierswinkel in familiebesit.

Deur die 1950's en die 1960's was daar groot stabiliteit in Westerse bankwese. 'n Kritieke rede vir hierdie tydperk van merkwaardige stabiliteit in die bankbedryf was die skeiding van beleggingsbankwese en handelsbankwese as gevolg van die Glass-Steagall-wet wat in 1933 ingestel is.

Die Glass-Steagall-wet was in reaksie op die ineenstorting van die aandelebeurs in 1929.

## Goudstandaard word gekanselleer

'n Verdere oorsaak wat die wantroue in die bankwese aangeblaas het, was toe die Amerikaanse president Richard Nixon in 1971 die omskepbaarheid van die Amerikaanse dollar na goud gekanselleer het.

'n Regstreekse gevolg was dat die finansiële wêreld deur die 1970's geteister is met uiterste wisselvalligheid in kommoditeitspryse, wissel-, inflasie- en rentekoerse. Dit het die klein, gemeenskapsgebaseerde bankwesesektor vernietig.

## Opheffing van die Glass-Steagall-wet

Ná toenemende deregulering deur die 1980's en 1990's is handelsbanke weer toegelaat om met beleggingsbanke saamgevoeg te word ná die opheffing van die Glass-Steagall-wet in 1999. Vir die eerste keer sedert die Groot Depressie kon beleggingsbanke weer deposito's van kliënte neem.

## Waarom is die bankwese belangrik?

Die bankwese is 'n meganisme waardeur geld veilig gehou en krediet verleen word. Dit is noodsaaklik vir vooruitgang, die verligting van armoede en die verbetering van voedselsekerheid en die skepping van welvaart deur die finansiering van landbouproduksie en die opberging, verhandeling en verwerking van graan, veevoer-, vesel- en voedselprodukte.

Die bankwese maak internasionale handel moontlik. Internasionale handel is noodsaaklik om die welvaart van nasies te bevorder. Die beginsels wat in die bankwese opgesluit is, weer die gewelddadige toeëiening van grond en hulpbronne af. Banke bevorder multilaterale gesprekke oor areas waaroor konflik bestaan. Banke bied ook 'n stel internasionaal aanvaarde gedragstandaarde, wat kapitaal en likiditeit beheer, wat die internasionale monetêre stelsel stabiliseer en ideaal geldwassery, die finansiering van terrorisme en misdaad, en belastingontduiking voorkom.

In die sterkste sin maak die bankwese soos dit in Suid-Afrika beoefen word, die skepping van 'n regverdiger, vreedsamer en meer gelyke wêreld moontlik. Banke behoort meer erkenning te kry vir die rol wat hulle speel om te bepaal waar kapitaal en likiditeit die beste in die landboubedryf aangewend moet word om ekonomiese groei te bevorder.

Die bankbedryf behoort as 'n meer aktiewe deelnemer in die skep van landsbeleid erken te word. Plaaslike banke het die vermoë om moderne landboupraktyke en lewenswyse te bepaal. Met die nodige vertroue in die bankwese kan die demokrasie sterker staan.

Dit is volgens Buckham ontstellend dat die wêreld, nadat kommunisme in 1989 oorwin is, nou op 'n pad is van versnelde regressie na nasionalisme, ekstremisme en algehele wantroue in sy instellings – insluitend, miskien die belangrikste, banke. LBW

*Wessel Lemmer is hoofbestuurder van Agbiz Grain.*